

8

SAGGEUS

Jesus is vir elkeen van ons lief

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God lief bly vir elkeen ten spyte van die verkeerde dinge wat ons soms doen.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet die volgende weet:

- Saggeus het soms verkeerde dinge gedoen.
- Saggeus het erken dat hy verkeerd gedoen het en gesê dat hy daarvoor jammer is.
- Omdat God lief was vir Saggeus, wou Hy ook hê dat Saggeus sy kind moet wees.
- Ons doen ook soms verkeerde dinge.
- God hou nie van die verkeerde dinge wat ons soms doen nie.
- God bly lief vir elkeen ten spyte van die verkeerde dinge wat ons soms doen.

Gesindheid

Die kinders moet –

- probeer om altyd reg te lewe.
- erken as hulle iets verkeerd gedoen het en daarvoor jammer wees.
- glo dat God hulle so lief het dat Hy hulle vergewe en hulle sy kinders wil maak.

Vaardigheid

Die kinders moet kan wys hoe en oefen om iemand om verskoning te vra. Byvoorbeeld: *Ek is jammer Ek sal probeer om nie weer*

MEER INLIGTING (Lukas 19: 1-10)

Op 'n dag het Jesus deur die dorp Jerigo geloop. Baie mense het Hom gevolg.

Daar was 'n man met die naam Saggeus. Hy was die hoof oor die mense wat die belastinggeld moes bymekaar maak. Belasting is die geld wat 'n mens vir die regering betaal sodat hulle hul werk kan doen, soos paaie maak en water voorsien. Saggeus was baie ryk omdat hy altyd te veel geld van die mense gevat het en dit vir homself gehou het. Hy het gehoor dat Jesus in die dorp is. Hy het toe nog nie vir Jesus geken nie, maar het van Hom gehoor en wou graag vir Jesus sien. Omdat Saggeus kort en klein was, het hy gesukkel om bo-oor die mense se koppe te kyk en vir Jesus raak te sien. Saggeus hardloop toe vooruit en klim in 'n groot wildevyeboom langs die pad waar Jesus verby moes loop, sodat hy vir Jesus kon sien.

Toe Jesus by die boom kom, sien Hy dat Saggeus in die boom geklim het. Hy sê toe vir hom om uit die boom te klim en na Hom toe te kom. Jesus wou saam met Saggeus by Saggeus se huis gaan eet.

Die mense wat daar was, was baie kwaad vir Jesus omdat Hy na Saggeus se huis toe gegaan het. Al het Saggeus verkeerde dinge gedoen, het Jesus hom steeds liefgehad. Jesus het met hom gepraat oor dit wat hy verkeerd gedoen het. Saggeus was jammer daarvoor en het belowe om die helfte van al sy goed vir die arm mense te gee. Hy het ook belowe om vir elkeen van wie hy te veel geld gevat het, vier keer meer geld terug te gee as wat hy gevat het.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- 'n Mooi prent van enigiets.
- 'n Groterige plakkaat of prent van 'n boom.
- 'n Saggeus-figuur.
- Figure van mense.
- Wondergom.

KOM ONS BEGIN

HET HULLE ONTHOU?

Toe ons die vorige keer as groep bymekaar was, het ons geleer dat die Here ons deur die Bybel leer om reg te lewe. Laat een of twee kinders iets daarvan vertel.

Sing weer Gesang 543: 2 of laat hulle die woorde agter jou aansê.

O Verlosser, maak my sterk,
vlytig om vir U te werk;
laat my tog gehoorsaam bly,
altyd gaan waar U my lei.
O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Doen die volgende om die kinders te laat verstaan dat Saggeus so klein was dat hy in 'n boom moes klim om oor die ander mense se koppe vir Jesus te kon sien:

Laat die voorste ry kinders op hul knieë staan en laat die kinders wat agter hulle is, sit. Wys die mooi prent vir die kinders wat voor op hul knieë staan – die agterste kinders moet nie kan sien wat jy vir die voorste ry kinders wys nie. Vra vir die agterste kinders wat hulle kan doen om wel te kan sien. (*Hulle moet opstaan.*)

In die Bybel lees ons van iemand wat graag vir Jesus wou sien, maar Hom nie kon sien nie omdat hy te kort en te klein was. Kom ek vertel vir julle van hierdie man.

IETS BELANGRIK

Vertel aan die groep die verhaal van Saggeus uit MEER INLIGTING. Laat die Saggeus-figuur draai na die plakkaat waarop die boom geteken is. Hy hardloop na die boom en klim tot bo in die boom. Plak die Saggeus-figuur met wondergom vas teen die boom. Die ander figure kan onder en om die boom geplak word.

IETS OM TE DOEN

Vra die volgende vrae:

- Waarom kon Saggeus nie vir Jesus sien nie?
- Wat het Jesus gedoen?
- Waarom wou Saggeus die geld vir die mense teruggee?

Beklemtoon die volgende:

Jesus het geweet dat Saggeus verkeerde dinge gedoen het, maar Hy was steeds lief vir Saggeus. Nadat Jesus met Saggeus gepraat het, het Saggeus 'n kind van die Here geword.

BY DIE HUIS

Laat hulle die prentjie van Saggeus in die boom inkleur.

AFSLUITING

Laat die kinders twee-twee in 'n sirkel staan en vir mekaar kyk. Hulle neem beurte om hul arms om hulself te vou, soos wanneer jy jousef 'n drukkie gee, en te sê *Jesus is lief vir my*, en dan hul arms na die maat voor hulle uit te steek en vir die maatjie voor hulle te kyk terwyl hulle sê: *Jesus is lief jou*. Die buitenste sirkel skuif kloksgewys een aan, en hulle herhaal die aksies en woorde: *Jesus is lief vir my en Jesus is lief vir jou*.

Sê vir die kinders om dieselfde te gaan doen met al hul huismense.

Sluit af met die volgende gebed:

Ons Hemelse Vader, U was baie lief vir Saggeus al het hy ook verkeerde dinge gedoen. Dankie dat U ook lief is vir ons al doen ons ook soms verkeerde dinge. Amen.